

KULTUUR VAN 'N  
WATERLAND

REDE

UITGESPREEK BY GELEENTHEID VAN DIE  
OORNEEM VAN DIE LEERSTOEL IN NEDER-  
LANDSE KULTUURHISTORIE DEUR DIE UNI-  
VERSITEIT VAN PRETORIA OP 2 JUNIE 1937

deur

PROF. DR. M. BOKHORST



PRETORIA

1937.



KULTUUR VAN 'N WATERLAND.

PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT  
VAN PRETORIA.

---

*Reeks IV.: Intreeredes No. 6*

KULTUUR VAN 'N  
WATERLAND

**R E D E**

UITGESPREEK BY GELEENTHEID VAN DIE  
OORNEEM VAN DIE LEERSTOEL IN NEDER-  
LANDSE KULTUURHISTORIE DEUR DIE UNI-  
VERSITEIT VAN PRETORIA OP 2 JUNIE 1937

deur

PROF. DR. M. BOKHORST



PRETORIA  
1937.

Wat die Franse denker H. Taine van die letterkunde gesê het: „la littérature est déterminée par trois causes générales: la race, le milieu et le moment”<sup>1)</sup>, het nog altyd tot ’n seker mate betekenis vir die Kultuurgeskiedenis; in sover as die teorie, dat die mens die produk is van sy afstamming, sy omgewing en sy opvoeding, vandag nog een van die uitgangspunte is om ’n kultuurprobleem te benader.

Van die trits geniet teenswoordig die afstamming, die ras dus, in seker lande van Europa en soms ook in Suid-Afrika, besonder aandag en waardering as kultuur-skeppende faktor. Nie alleen op die Duitse, maar ook op die ou-Griekse kultuur is rasteorieë ter verklaring toegepas, partykeer van ’n wonderlik fantastiese aard. Ook op Nederland het party rasfanatici hul kragte beproef, en ’n Duitse geleerde het selfs in sy entoesiasme die authenticiteit bepleit van die „Oera Linda Bok”—wat ’n geestige vervalsing is van ’n 19e eeuse Hollandse taalgeleerde—om dit te kan verhef tot ’n „Kulturdenkmal der urgermanischen Herrscherrasse”!

Die meeste pogings om ras-invloede in die Nederlandse kultuur vas te stel het groot mislukkings geword en met name die verskille tussen die „Noordse” ras wat die grootste deel van Nederland bewoon, en die „Alpine”-ras, waarvan ’n streep aangetref word van die Zeeuwse eilande uit Ooswaarts, is nie in die kultuurgeskiedenis teruggevind nie. Selfs die verskille tussen die stamme uit histories-bekende tye: Friese, Sakse, en wat as „Franke” saamgevat word, speel in die Nederlandse kultuurgeskiedenis ’n betreklik klein rol, afgesien dan van woningbou en taal. As Antonie Donker oor die Nederlandse volkskarakter skryf<sup>2)</sup> word hy dan ook baie versigtig as hy kom tot die „volksgeaardheid,” wat hy as die „oorspronkelyke geaardheid der stammen” onderskei van die „volkskarakter,” wat deur die eeue van gemeenskaplike geskiedenis

---

1) H. Taine „De l’Intelligence”—préface.

2) A. Donker: „Nederlandsch Volkskarakter en Litteratuur” in „De Stem” 1935, Juli-Aug.

heen, gevorm is. Van die volksgeaardheid sê hy wyselik net 'n paar algemeenhede.

Dat hierdie moontlike ras- en stamverskille so min in die kultuur tot uitdrukking kom moet ons m.i. in die eerste plaas toeskryf aan die eeuelange gemeenskaplike verblyf in die selfde lands- en klimaatsomstandighede, wat nivellerend gewerk het op die volkskarakter, waarvan die kultuur, soos Donker sê, die „geestelike gestalte is.” Sonder om 'n histories-materialis te wees, kan ons tog toegee, dat hierdie leer ons die oë geopen het vir die groot betekenis van die omgewing vir die ontwikkeling van die Nederlandse volk. Ons beskou dit dan ook as 'n groot verdienste van die boek van Dr. Jan Romein oor die geskiedenis van die Nederlandse volk, ondanks die groot foute wat aan die opset kleef, dat hy 'n afsonderlike inleidende hoofstuk wy aan „De grond waarop wij staan.”<sup>3)</sup>

In 'n seker sin as 'n reaksie op die moderne toepassing van rasteorieë op die kultuurhistoriese, wil ons nou probeer om 'n stukkie „omgevings”-teorie vir die Nederlandse kultuurgeskiedenis op te bou en saam te vat. deur die belangrikste element van hierdie land: die water in sy invloed op kultuur en volkskarakter na te gaan. Bekendheid met die geografiese posisie van Nederland, van die „lage landen bij der see,” wat aan- of in- of op- of onder die water lê, mag ek by u veronderstel.

Nou is dit wel waar dat dit nie geld vir 'n groot deel van die Oostelike provinsies wat effens hoër lê nie. Huizinga wys tereg op die gevaar van die verklaring van die aanvanklike saamgroei van die 17 Nederlande uit daardie hidrografiese omstandighede.<sup>4)</sup> In een van sy ander geskryfte betoog Huizinga egter, dat juis die uitsonderlike maritieme posisie van die provinsie Holland gelei het tot 'n konsentrasie van die kultuurbloei binnekant 'n gebied, wat met die grense van die provinsie Holland nog te ruim gemeet is en wat hy op nie veel meer as 100 vierkante myle skat nie.<sup>5)</sup> Daardie kultuurbloei van Holland word meebeleeft deur die ander ses provin-

---

3) Dr. J. Romein e.a.: „De lage landen bij de zee,” hoofstuk II.

4) Dr. J. Huizinga: „Nederland's Geestesmerk,” p.8.

5) Dr. J. Huizinga: „Holländische Kultur des siebzehnten Jahrhunderts.” p.8.

sies. Terwyl die Republiek dus in politieke opsig gedentraliseer is, straal haar kultuur van 'n klein sentrum uit oor die geheel en kan dus deur Huizinga „sentraal-peripheries” genoem word.<sup>6)</sup> Ons konklusie lê dus voor die hand: as op die bovebeskrewe manier die waterlandse kultuur die kern geword het van die gehele Nederlandse kultuur, verval vir ons doel die beswaar, dat 'n deel van die land nie 'n waterland is nie.

Vir die Middeleeue geid eintlik dieselfde: toen was die handelsposiesie en daardeur die kulturele posiesie van die gebied rondom die Scheldemonding so sterk, dat die Vlaamsgetinte kultuur van daardie waterland sig afgedruk het op die gebiede meer na binne. Die enigste periode, waarin die kulturele oorwig nie bepaald in 'n waterland lê nie, is die 15e en die 16e eeu tot die begin van die opstand, toen Brabant met Brussel die hoofrol gespeel het. Maar dis ook juis die tyd van verfransing en later verspaansing van die Dietse kultuur! Geyl wys daarop, dat al in die 14e eeu die swaartepunt van die letterkunde van Vlaandere na Brabant verplaas word<sup>7)</sup>, maar daarteenoor staan dan tog dat nog in die 15e eeu die swaartepunt van die skilderkuns in Vlaandere gelê het.

Tenslotte mag ons nie vergeet nie, dat die meeste skrywers veel te veel die nadruk lê op die see en die hawens, terwyl tog die „binnewaterere”: die netwerk van duisende kanale, riviere, slote, gragte en mere, wat net so goed in die hart van die land gevind word as in die Weste, meer nog daartoe bygedra het om die Nederlandse volk „water-minded”: watergesind te maak. Vir my gee Van Schendel se Waterman, hoewel hy nooit „buitegaats” was nie, tenminste soveel van die Hollandse uitkyk op die lewe as sy skipper Brouwer van die „Johanna Maria.”

Ook mag ons nie vergeet nie dat die nasionaal-Hollandse bedryf van droogmaak van gronde gelei het tot volksplanting: van Alpine en van Nordici, van Franke, Friese en Sakse, deurmekaar, op die nuwe polders en droogmakerye, wat vermenging van stamme in die hand werk en selfs die mees

---

6) Dr. J. Huizinga: 1.c. p.11.

7) Dr. P. Geyl: „Geschiedenis van de Nederlandsche stam” I. p.195.



verstokte Saks van die heigronde tot 'n waterlander maak. 8) In hierdie opsig sal die nuwe twaalfde provinsie wat die Nederlanders vandag in die Suidersee bou in die midde van hulle land, en wat plek sal bied vir 'n miljoen nedersetters, ook saamwerk om Oos en Wes, Noord en Suid, Fries, Frank en Saks te laat saamsmelt. Dis een van die oorsake dat die Nederlanders nou al 'n sosiaal-volkekundige instituut gestig het om die.....toekomstige bevolking van die Suidersee te bestudeer!

Neem ons dus aan dat die invloed van die water dwars deur die land in meerder- of minder mate gewerk het, dan is die eerste vraag: hoe het dit die volkskarakter beïnvloed? Antonie Donker sê: Die water karakteriseer die materiële omstandighede waaronder die Nederlander geleef het, soos die Bijbel die geestelike. 9) 'n Eerste omstandigheid is dan seer seker die noodsaak om teen die water 'n ewigdurende stryd te voer.

'n Volk van dykbouers word 'n volk van verdedigers, 'n volk van taaie volharders, wat vashou wat hulle het—'n volk van konservatiewe, wat in sy Suid-Afrikaanse nakomelinge sy aard nie verloën sien nie.

Die stryd teen die water is die Hollander aangebore en hulle is die enigste volk op aarde, wat orals die water kan keer. 10) Reeds Dante in sy Divina Comedia vergelyk die damwal wat die kokende bloedrivier in die hel binne sy perke hou, met 'n Nederlandse dyk: „Gelijk de Vlamingen tussen Witzand en Brugge, den vloed vreezend, die op hen afkomt, zich een bolwerk maken om de zee te keeren.” 11) En vandag nog sal Van Schendel sy Waterman, wat die water verstaan, want „het was hem aangeboren,” in die mond lê om die verskil tussen hom en sy vrou aan te dui: „Tusschen haar en hem zat het element, het water, hij was ervan, zij niet. Hij kon het haten, hij kon ertegen vechten, maar zij kon er niet van weg, en zij had alleen maar de vrees ervan.” En as hy 'n paar kinders uit verdronke land gered het en weer uit die

---

8) Vgl. Dr. R. Fruin: „Het karakter van het Nederlandsche Volk” in „Verspreide Geschriften” I. p.3.

9) A. Donker; l.c. p. 714.

10) Vgl. die anekdote bij Mr. A. C. Josephus Jitta „Het Nederlandsch Volkskarakter”, p.14.

11) Dante „Inferno,” canto XV, 4-6. Vertaling Dr. J. Romein.

water stap, dink hy: „Het water zat hem goed aan de beenen, hij wist dat hij voor de rivier nooit meer bang hoefde te zijn.”<sup>12)</sup> Dis omtrent dieselfde as Napoleon se uitdrukking dat die Hollanders goeie seeliede is maar slegte soldate, omdat hulle water in die bene het. Maar onder hierdie soldate was ook die Hollandse pontonniers wat hom in 1812 by die oortog oor die Beresina gered het!<sup>12a)</sup>

Merkwaardig genoeg lei die stryd teen die gemeenskaplike gevaar van die water nie tot versterking van die volks-eenheid nie, maar intendeel wakker dit die neiging aan tot lokale selfbestuur, om eie baas te wees in eie huis, tot groepsvorming, sektevorming en selfs neiging tot skeurmakery, waarvan ook die Afrikaner sy erfdeel gekry het. „Wie ’n water deert, die het water keert” is ’n Hollandse spreuk, wat aandui dat die bewoners van elke polder, van elke waterskap of eiland net op sigself aangewys is en nie ’n beroep op die goewerment kan doen nie, om die oorstromings te keer: elke boer versorg die stukkie dyk, waaragter sy eie plaas lê.

Reeds Fruin wys op die groot mate van outonomie wat die waterskappe in Nederland gehad het<sup>13)</sup>, met hulle eie „heemrecht.”<sup>14)</sup> Toen die Franse tyd ’n eind gemaak het aan al die gedesentraliseerde bestuursinstellinge in Nederland, het die waterskappe as enigste in hul ou vorm bly bestaan, en vandag nog is Nederland die enigste land met ’n afsonderlike „Ministerie van Waterstaat,” wat so onafhankelik is dat dit volgens J. W. Robertson Scott, ’n Engelse kenner van ons toestande, wel „’n staat binnekant die staat” genoem kan word.<sup>15)</sup>

As Edmondo de Amicis deur Holland vaar, vra hy die kaptein, watter mense daar onsigbaar agter die dyke woon; „Landbouwers en veehouders—is die antwoord—wij zeg-

---

12) A. van Schendel „De Waterman” p. 54, 65, 233.

12a) Vgl. die opsomming van groot waterwerke van Nederlandse ingenieurs, aannemers en amptenare in die buiteland by H. Asselin „La Hollande dans le monde,” nouvelle éd. p. 85-89.

13) Dr. R. Fruin, „Geschiedenis der Staatsinstellingen in Nederland, enz.” 2e druk door Dr. H. T. Colenbrander. p.67 en 69.

14) Dr. S. A. van Lunteren: „Overzicht van de geschiedenis der Romeinsche- en oud-Nederlandsche rechtsvorming.” 2e druk, p. 123 en 135.

15) J. W. Robertson Scott: „A free farmer in a free State,” London 1912. p.135.

gen dan ook, dat Zeeland een groep vestingen is, die door een bezetting van boeren verdedigd worden.”<sup>16)</sup> Josephus Jitta vermeld woorde van die Switserse teoloog A. Keller, wat beskryf hoe Nederland deur die watere en dyke in tallose stukkies opgesny is en dan sê<sup>17)</sup>: „Dit landschap is een symbool van een geestelijke gesteldheid. Nederland is verscheurd, verdeeld, gekanaliseerd, ook in zijn godsdienstig leven. De kerkelijke wêreld is hier wel sterker verdeeld en verscheurd, dan overal elders. Daardoor worden typische eilanden gevormd, die door onoverbrugbare kanalen van elkaar gescheiden zijn. Hier heeft het protestantsche individualisme zijn hoogtij gevierd; die heerlijkheid en vrijheid van den enkeling wordt hier gevonden, die Coleridge deden zeggen: Ik ben één met de heilige, alleen-zaligmakende en onfeilbare kerk, waarvan ik op het oogenblik het eenige lid ben.” „Het Nederlandsche volkskarakter wordt gekenmerkt door een groot mate godsdienstigheid, maar tevens door de neiging godsdienstige tegenstellingen op de spits te drijven en ze te scheppen, waar zij niet bestaan.”

Ook Antonie Donker wys daarop dat die vorming van godsdienstige sektes soos die „Zwijndrechtse Nieuwlichters” by skippers en vissers die meeste voorkom, „ingedijkt en ingepolderd, ingeduind en ingedamd” handhaaf sig stande, partye en sekte „die onze wijsheid tot eigenwijsheid maken en onwil tot overleg kweeken, zelfs waar een minimum van meeningsverskil bestaan.”<sup>18)</sup> Saamvattend kan ons aandui: neiging tot plaaslike selfbestuur, tot outonome kringvorming, selfvertroue, eiegeregtigheid, skeurmakery; eienskappe wat vir ’n goed deel deur die later opkomende Calvinisme nog versterk sal word.

Hierdie eienskappe is egter op ’n gelukkige manier vasgekoppel aan ’n sterk godsdienssin, ’n kinderlike Godsvertroue, wat sy oorsprong vir ’n goed deel vind in die besef van afhanklikheid van kragte, wat die mens nie kan keer of beheers nie: die geweld van die water wat die dyke wil breek of die skepies in die storm op see. Dat die Afrikaner ook hierdie

---

16) E. de Amicis „Olanda” (1874). Ned. vert. van L. Lodeesen, Leiden, 1876 p.17.

17) Mr. Josephus Jitta, l.c. p.25.

18) A. Donker, l.c. p.720.

erfenis goed bewaar het, bewys A. G. Visser in sy „Nimmer of nou”:

Wank'lende skepies op went'lende bare,  
maar 'n standvastige hand aan die roer—  
so het die Almag deur duisend gevare  
voortyds ons voorsate hierheen gevoer.  
Kennelik sien ons Sy hand deur die jare  
nog in die wiss'lende lot van die Boer:  
wag'lend sy wat in 'n see van barbare,  
vas sy vertrou op God en sy roer.

Die „Waterman” druk die verbondenheid van sy geloof aan die water as volg uit”:.....als ik dan maar met het water mag zijn, dat is voor mij wat voor jou de kerk is.”<sup>19)</sup>

Hierdie geloof is nie vrolik nie, dis die strengste vorm van Hervorming wat bestaan: „Ook de ongebreidelheid van den zeeman, de gevaren waaraan hij is blootgesteld, doen naar een gestrengen en rechtvaardigen God verlangen.”<sup>20)</sup> „Willem Ysbrantsz Bontekoe, Schipper (naest Godt) opt Schip Groningen”<sup>21)</sup> is 'n voorbeeld daarvan; sy ongeluksreis het hom hard gemaak, selfs teenoor die predikant van sy skip: „Terwijl de maets doende waren, plock-haerden onse Domine met een assistent, die beyde in de boeyen geset worden. Den 16. dito, synde Paesch-dagh, wierden sy beyde daer weder uyt ghelaten. Doe quam het volck uyt de jonck altemaal in ons schip, om de predicatie te hooren.....”<sup>22)</sup>

Stryd teen die water is vir 'n deel ook die veelgeroemde Hollandse sindelikhed, wat meer 'n ewigdurende poets en skuur en verf en skrob is van houtwerk en metaal, om dit teen die inwerking van die met waterdamp beswangerde atmosfeer te beveilig. Huizinga, wat nie minder as sewe sinonieme vir „zindelijk” in die Nederlandse taal vind—waar onder selfs die estetiese „schoon” en verder: proper, fris, net, helder, zuiver, rein—voer dit aan as 'n bewys vir die verering van daardie begrip,<sup>23)</sup> maar elders soek hy die dieper behoefte

---

19) A. van Schendel „De Waterman.” p.138.

20) A. Donker, l.c. p.716.

21) Journael, enz. van W. Y. Bontekoe, ed. Dr. G. J. Hoogewerff, 2e druk. p.XVIII.

22) idem. p. 97, 98.

23) Dr. J. Huizinga: „Nederland's Geestesmerk.” p.15.

aan skoonheidsemosie in die aldagse dinge daaragter, wat ons ook in die skilderye van Vermeer so ontroer.<sup>24)</sup> 'n Oop vraag is volgens hom of die sindelikheid korrespondeer met 'n behoefte aan geestelike suiwerheid, gesien die sosiale en godsdienstige fariseïsme. 'n Oop vraag, waarop van Schendel die bevrydende antwoord gee: „Er is veel modder hier, maar ook veel water om het weer af te wasschen.”<sup>25)</sup>

Met 'n enkel woord wil ons herinner aan die groot invloed wat die stryd teen die water gehad het op die groei van vaderlands- en vryheidsliefde. Dis 'n wonderlike landjie, maar dis grotendeels die produk van die Nederlander se hande. Hy het dit aan die water ontworstel; hy het dus die „outeursreg” daarop, dieselfde outeursreg wat die Boer op Suid-Afrika kan laat geld en wat die bron is van sy vaderlandsliefde. Luister net wat die Italiaanse digter Edmondo de Amicis hiervan sê:<sup>26)</sup>

„Wat voor land Nederland is, hebben velen in weinig woorden gezegd.

Napoleon zeide, dat het een aanslibbing was van de Fransche rivieren, den Rijn, de Schelde en de Maas, en op dien grond lijfde hij het bij het Keizerrijk in. De eene schrijver noemt het een soort van overgang tusschen land en zee. Een ander, een groote korst land, die op de wateren drijft. Weer anderen, een aanhangsel van het oude vasteland; het China van Europa; het eind van het land en het begin van den oceaan; een colossaal vlot van slijk en zand. En Philippus II noemde het het allernaast aan de hel gelegen land.

Maar op een punt waren allen het steeds eens, en allen drukten het met dezelfde woorden uit: Nederland is een verovering des menschen op de zee;—het is een kunstmatig, een „gemaakt” land;—de Nederlanders hebben het gemaakt;—het bestaat, omdat de Nederlanders het bewaren;—het zou verdwijnen als de Nederlanders het verlieten.”

As ons nou tenslotte nog die stimulerende invloed vermeld, wat oorstromings, watersnode en skeepsrampe op die onopvallende weldadigheidsin van die Nederlander gehad het,

---

24) Dr. J. Huizinga: „Holländische Kultur des siebzehnten Jahrhunderts.” p.33.

25) A. van Schendel: „De Waterman.” p.144.

26) E. de Amicis; l.c. p. 1, 2.

dan sal dit duidelik wees dat ons nie met Bilderdijk kan saamstem nie, as hy skop teen die menselike betwery wat dyke oprig „om God en de natuur te dwingen, in plaats van Zijne voorzienigheid 't land natuurlik te laten verhoogen door jaarlijksche aan- en overslibbingen die 't hadden moeten behouden.”<sup>27)</sup> Nie so seer om die aanslibbingsteorie nie, as om die karakterstalende invloed, waarvan die Nederlandse kultuur die vrugte gepluk het.

Laat ons nou verder die stryd teen die water staan, dan sien ons dat ook andersins die nat element en die korresponderende toestand van land en dampkring die Hollandse volkskarakter beïnvloed het, soms in uiterlike hebbelikheidjies, dan weer in diepgaande etiese of estetiese roerselen. Nie meer as so'n hebbelikheidjie is die verslaafdheid van veel nederslanders aan „toeback suyghen,” hetsy uit die voorvaderlike pyp of uit die moderne sigaar, „die sesde vinger van sy hand” soos De Amicis vertel, wat gehoor het dat „die rook sy tweede asem is.”<sup>28)</sup> Sien ons hier nie 'n natuurlike reaksie op die vogtigheid van die land nie, wat die Nederlander maak tot 'n „lewende oond” (Diderot)?

Wat is meer tipies 17e eeus as die beeld van 'n ou-Hollander met 'n pyp in die „roef” van 'n trekskuit? En tog is hierdie trekskuit ook sinnebeeldig vir die Hollandse gees, soos die gondel vir Venesië en tereg noem die Franse digter Esquiros hom „de geest van het oude Holland, zwevende over de wateren.”<sup>29)</sup> Ons moet nie vergeet nie, dat in die 17e eeu die trekskuit, deur die aanleg van spesiale kanale: „trekvaart” genoem, met 'n „jaagpad” daarlangs vir die perd of die mens wat hom trek, tot die toenmaals mees moderne, vinnige en goedkope vervoermiddel van Europa geword het.<sup>30)</sup> Huizinga vestig ons aandag daarop, dat met trekvaart en trekskuit die middels gegee is vir hoog en laag, ryk en arm, om veilig en goedkoop te reis, en dat dit 'n demokratiese figuur is in 'n land, waar die water die sosiologiese tipe van ridder-ruiter altyd in die agtergrond gehou het.<sup>31)</sup>

---

27) Sitaat uit 'n brief aan Da Costa van 1825, vermeld by Dr. J. Prinsen, Handboek tot de Ned. letterkundige geschiedenis. p. 532.

28) E. de Amicis. l.c. p.52 vlg.

30) P. L. Muller: „Onze gouden eeuw”, III p. 82 vlg.

29) E. de Amicis: l.c. p.103.

31) Dr. J. Huizinga, l.c. p.8.

Toon die waterland dus 'n demokratiese, nivellerende karakter, wat op die Hollandse Afrikaner oorgegaan het, anders is dit met die handelsgees en die vragvaart oor heel Europa. Daardie twee is onafskeidelik van die oop Nederlandse kuste met hulle tallose seegate en riviermonde. Die invloed van die handelsgees op die kultuur sal egter later ter sprake kom. Hier wil ons net wys op die betekenis van die ou spreuk „Navigare necesse est, non vivere”: „Vaar is 'n noodwendigheid, nie leef nie.” Lê in die ewigdurende aantrekkingskrag van die water met sy wykende horison die oorsaak van 'n trekgees, wat later ook die Boer sal besiel in die afgelegenheid van die Kaapse grensdistrikte en die eensaamheid van die Voortrekkerpad? <sup>32)</sup> Niks het meer bygedra om die verlokkinge van die swerf oor die watere te verbrei as die talryke volksboekies wat in 16e en 17e eeu reisverhale en joernale van skippers, koopliede en ontdekkers in 'n eenvoudige en geillustreerde vorm onder die menigte gebring het en aan dieselfde behoefte beantwoord het as wat vandag deur sensatieromans en detective-verhale bevredig word.

Die „Linschoten-Vereeniging” het hulle later wetenskaplik uitgegee en Dr. M. G. de Boer het 'n populêre bloemlesing saamgestel getitel: „Van oude Voyagiën”, waaruit ons 'n stuk van die inleiding wil aanhaal: <sup>33)</sup>

„De eerbare burger vond hier verstrooing na zware dagtaak; de ondernemende koopman werd er door geprikkeld tot nieuwe ontwerpen. Niet alleen den volwassene maar ook den knaap zien we echter in onze verbeelding gebogen over het langwerpige boekje; met fonkelende oogen en kloppend hart beleeft hij avontuur op avontuur; hij worstelt met de wakkere scheepsgezellen van Barents door de ijsschotsen der eindelooze ijszee; met de tochtgenooten van De Houtman bezoekt hij de specerij-markten van het sprookjesachtige Indië, met l'Hérémite speurt hij naar de Spaansche Zilvervloot; met Tasman omzeilt hij een nieuw werelddeel. Zoo opent zich voor den knaap een wereld van avontuur en

---

32) Vgl. Dr. G. Kalff Jr.: „De sage van den Vliegende Hollander” passim.

33) Dr. M. G. de Boer: „Van oude Voyagiën” Amsterdam 1923. 2e druk, p. V-VI.

van jolijt, en mischien zal dit eenvoudige volksboekje ook hem eenmaal doen weggaan van moeders pappot en doen rondzwerfen over de wijde wereldzee."

Tegelyk is hierdie boeke die pragtigste bronne wat ons kan kry om die invloed van die water op die Nederlandse taal na te gaan, nie alleen die duisende skeepsterme en seemanspreekwoorde, maar ook die uitdrukkings wat die Hollander as 'n gebore waterrot kenmerk soos „landerig” vir „neerslagtig” en „het land hebben aan” vir „'n afkeer hê van,” altwee uitdrukkings wat in Afrikaans as pragtige archaïsmes voortbestaan en nie—soos in die geval van „recht door zee” en „padlangs,” deur 'n gelykwaardige Afrikaanse uitdrukking vervang is nie. 'n Ander voorbeeld wat in Afrikaans gebly het: „vòlhouden”—blykens sy aksent jonger as die sinoniem „volharden” word deur Van Wijk teruggebring op „het vat vol houden,”<sup>34)</sup> maar word m.i. beter verklaar deur „het zeil vol houden” sodat ek dit as 'n waterterm beskou met Dr. Hoogewerff, wat die Hollanders, Zeeuwe en Friese algar tot seelui verklaar op grond van geboorte en.....idioom.<sup>35)</sup> Tereg wys hy erop dat al in Vondels tyd die woorde nie meer as seemansterme gevoel word nie; en haal „Adam in Ballingschap” aan waar Lucifer vir Armode sê: „Het gaet naer onzen wensch, wij zijn dien hoeck te boven” en Adam aan Eva die verleiding tot die sondeval verwyf in bewoordinge van „voor die mas” : „Gij smeeft mij overstach.”<sup>36)</sup>

„Navita de ventis, de tauris narrat arator,” het die ou Romeinse digter gesê:<sup>37)</sup> „Die seeman vertel van sy storme, die boer vertel van sy stiere.” Ons het gesien hoe die Hollandse seeman van die water vertel het; maar as ons nou tot die letterkunde kom dan bemerk ons dat die tema nie oorgeneem word nie. Die skrywers van 17e en 18e eeu het die verbondenheid aan die water nog nie gevoel nie, die stryd teen- en op die water nog nie beskryf nie, van die grootsheid van die see en die stille klaarheid van die binnewaters nog nie gedroom

---

34) Franck's Etymologisch Wdb. der Ned. Taal, 2e druk, door Dr. N. van Wijk, sub voce „volhouden.”

35) Dr. G. J. Hoogewerff, Inleiding tot sy uitgawe van die „Journael, ens. van Bontekoe,” p.XXXV.

36) J. v. d. Vondel: „Adam in Ballingschap,” 5e bedryf.

37) Propertius, „Elegiae,” 2, I, 43.



nie, in 'n tyd toen die skilders lankal die pikturale kwaliteite van see en riviere ontdek het.

Die keurslyf van die klassisme hou hulle gevang in 'n klankryke beeldspraak, waarby die water slegs as agtergrond verskyn. Vondel se „Hymnus over de Scheeps-vaert,” sy „Lof der Zee-vaert,” „Zeegevier der vrije Nederlanden” of „Zee-magazijn,” ja, selfs sy „Beeckzangh” of sy „Rijnstroom,” dis alles vol van die glorie van Hollandse nasie van die dae, maar nie van die water nie. En so Vondel, so sy tydgenote; Huygens se „Scheeps-praet,” ondanks 'n paar skeepsterme, nie uitgesonder nie. Om 1700 kry ons dan die ry van „Stroom-digters,” maar ook Antonides van der Goes of Dirk Smits kan in geen enkel opsig met Van Goyen of Ruysdael in die skilderkuns vergelyk word nie. Die burgerlike en moraliserende karakter van die hele 17e eeuse kultuur heg geen waarde aan die see, anders dan as die draagster van die skeepvaart.<sup>38)</sup> Wonderlik genoeg—aangesien die see tog 'n romanties requisiet is, slaag ook die Romantiek nie daarin om die see uit haar boeie te bevry nie en dit bly by retoriese beeldenkels, van Bilderdyk met sy „houten waterpaard” en sy „handvol zewier” tot Ter Haar met sy „Rots” en Tollens met sy „Nova Zembla.”

Dis asof eers die Tagtiger digters die see ontdek en tog is ook hulle ontdekking nog baie onvolledig: sowel by Perk, Van Eeden en Kloos as by die volgende geslag van Boutens en A. Roland Holst ontbreek die lokale kleur; die water is 'n element soos die vuur, maar nie Hollandse water nie. „De zee is meer element dan Noordzee... De Tachtigers ontleenden hun natuur meer aan Homerus en de Engelsche romantici dan aan onmiddellijke waarneming.”<sup>39)</sup> Maar die grootste gebrek is, dat die see of die watere nie 'n idee in hulle werk is nie, nie 'n selfstandige speler in die drama nie. En by die Tagtiger naturaliste bestaan natuurlik 'n groot skrikkerigheid om so'n romantiese effek as die see in hul werke toe te laat. A. Donker konstateer dan ook dat ons vir seemanstipes in die 19e eeu ons toevlug moet neem tot Werumeus Buning, Sr., met sy „Mottige” en sy „Rooie,” 'n taamlik sterk

---

38) A. Donker, l.c. p.740.

39) A. Donker, l.c. p. 731.

testimonium paupertatis vir 'n volk, waar elke stad sy „Dijk” met seemanstipes het.

Ook in die twintigste eeu bly die oes nog maar skraal. Joh. van der Woude skryf dit daaraan toe, dat die outeurs wil loskom van die statiese element en dat die see juis daardie element in ons verteenwoordig. Verder beweer hy, dat die realis en die ekspressionis nog altyd die ou afkeer het van die romantiese element: see. Dat v. d. Woude hier egter mislei word deur sy eie afkeer van realistiese skrywers, blyk duidelik uit die feit, dat hy Slauerhoff in sy hele artikel selfs nie noem nie.<sup>40)</sup>

Ons is minder pessimisties as Van der Woude en ons beskou dit bepaald as 'n verheugende verskynsel, dat 'n nasionaal Nederlandse kultuurskat soos die sage van die „Vliegende Hollander” wat in vroeër eeue net uitlandse digters besie het, in die laaste jare nie alleen tot 'n grondige literêre-historiese studie geïnspireer het nie (sien noot <sup>32</sup>), maar ook (onder invloed daarvan?) tot digwerke van Nijhoff, J. W. F. Werumeus Buning en Jan Prins en 'n prosa-verhaal van H. Marsman! Maar daar is meer.

In die laaste tien jaar vind ek onder die Nederlandse romans nie minder as 26 werke wat op die een of ander manier die verhouding van die mens tot die water teken. Om tot 'n oorsig te kom, volg ek graag die sisteem van indeling van Van der Woude, al sal ek tot ander konklusies kom. Die belangrikste groep dan is die, waar die water die leidende idee is, die teenspeler van die mens, die onderwerp van die boek. Die groot voorbeeld is hier Arthur van Schendel wat omtrent 1930 sy bekering tot die neo-romantiek inlui met „Het Fregatschip Johanna Maria,” wat ons kan noem die nasionaal-Hollandse roman van die see en van die seeman.

Dieselfde monumentale vorm as Jacob Brouwer in hierdie boek, gee van Schendel drie jaar later aan Maarten Rossaart in „De Waterman,” die nasionaal-Hollandse roman van die riviere, die polderland en van die binnelandse vragvaarder, die „binnenschipper.” Minder klassiek, heftiger bewogen—sowel innerlik as uiterlik—is die werk van Slauerhoff („Schuim en Asch,” „Het lente-eiland en andere verhalen”)

---

40) Joh. van der Woude: „Het Nederlandsche Boek en de Zee” in „Rondom het Boek 1937.”

wat ons in een asem noem met Marsman se „Vliegende Hollander.” „Het wassende Water” van Herman de Man, minder groots, maar psigologies heel fyn, kan ook hieronder gereken word, saam met „Strooschippers” van Van Eerbeek en „Wind in de zeilen” van W. L. Leclercq. Die nuutste aanwys vir hierdie groep is „Visschers voeren uit” van die jong skryfster Marie van Dessel-Poot, wat in Skipper Maarten Storm, as ’n waardige teenhanger van Maarten Rossaart en Jacob Brouwer, die nasionaal-Hollandse haringvisser uitgebeeld het. „Hij kende het water als zijn kerkboek” is ’n vonds, wat selfs ’n man as Van Schendel haar kan beny.

’n Tweede groep word gevorm deur die werke, waarin die water ’n noodsaaklike—en in die verhaal verantwoorde agtergrond vorm, soos die armblanke-lewe, in „Ampie” van Van Bruggen. ’n Voorbeeld hiervan is die naturalistiese „Achter ’t Anker” van Ali Smeding, een van ons oudste „waterromans” (1924). Naturalisties ook is „De Haven” van Leo Ott, maar hier speel die stad Rotterdam eintlik ’n groter rol as die water waaraan dit lê. Die sappig getekende figuur van „Schipper Willaert” van Verhoog wil ons ook hier onderbring. Aan die romantiese kant staan Constant van Wessem met sy „Driehonderd Neger-slaven,” Van Schendel met „Een Eiland in de Zuidzee,” „Jan Compagnie,” en „Avonturiers” en Joh. Van der Woude met „Straat Magellanes.” Dan noem ons nog „Verloren Volk” van Johan Theunisz, en „Zuiderzee” van Jef Last, hoewel by die laaste sosialistiese skrywer die sosiale probleem die stryd teen die water soms dooddruk. Afsonderlik wil ons nog noem „Ik zie, Ik zie, wat gij niet ziet,” ’n reisverhaal van die digter J. W. F. Werumeus Buning, „de bekentenis van een verliefde . . . op het eigen land” soos Jan Campert dit noem.<sup>41)</sup> Sommige hoofstukke, soos „Kromme Dijken achter Breskens,” behoort tot die beste uitbeeldings van die Hollandse waterland, wat ooit geskryf is. En dat Werumeus Buning se romantiese neigings hom ’n oop oog gee vir die historiese agtergrond van sy beelde, behoef ons nie te verwonder nie.

’n Derde groep gee die water as ’n soort toneeldek, wat egter ook vry willekeurig deur ’n ander vervang kon

---

41) J. Campert in die „Nieuwe Rotterdamsche Courant,” 28 Mei, 1937.

geword het. Dis meestal naturaliste wat 'n heeltemaal ander polariteit wil stel en taamlik onverskillig staan teenoor hulle agtergrond. Ons noem „Dorp aan de rivier” van Antoon Coolen, „Wier” van Jan Campert, „Drie duizend meter in dood water” van W. A. Wagener, en „Een stoombootje in de mist” van Herman de Man.

„Journalistiek van de zee—reportagewerk” tenslotte, vind ons in talryke sketse in „Vyf en twintig jaar onder de menschen” van M. J. Brusse, in „Een zwerftocht over de zee” van A. M. de Jong, in „Voor de mast” van Jef Last en in Forstlaps „Een schip vaart uit.”

Uit die bowestaande opsomming is die konklusie geregverdig dat die opkoms van die neo-romantiek saambring het die eerste bloei van 'n puur Nederlandse literatuur van die water. Hierdie oplewing word op 'n gelukkige manier bevestig deur die moderne poësie, al kom hier die vernaamste bydrae van individualistiese digters. 'n Pragtige simboliek van wind en see vind ons by A. Roland Holst. By hom ook 'n stelling neem van die eensame persoonlikheid ten opsigte van die see in „De Belijdenis van de Stilte,” „Vorbij de wegen” en „De wilde Kim.” Van Leeuwen herinner ons aan 'n karakteristiek by Fiona Macleod: „born with a wave of the sea in his heart.”<sup>42)</sup>

Naas hom noem ons sy ouer tydgenoot Jan Prins met „Tochten” en „Getijden.” Uit die groep van „Vrije Bladen”: Slauerhoff met sy romantiese „Archipel,” „Eldorado,” „Een eerlijk Zeemansgraf” e.a. bundels. 'n Aparte plek neem in J. W. R. Werumeus Buning met sy ballade van 1932 „Mària Lécina,” wat met geweldige ritme en plastiek so meeslepend werk, dat dit in 'n jaar se tyd in Holland regtig populêr geword het.

Voor ons nou tot 'n bespreking van die skilderkuns oorgaan eers as skakel 'n enkel woord oor die rolprent. In die klein rolprentproduksie van Nederland word na verhouding groot aandag geskenk aan die water, sowel in die „dokumentêre” as in die „absolute” prent. „Zuiderzee” van Joris Ivens het drie spelers: die mens met sy tegniek, die grond en . . . die see. „Dood water” sluit daarby aan deur die sosiale

---

42) W. L. M. E. van Leeuwen: „Korte schets van de ontwikkeling der Ned. Letterkunde,” p.171-175.

probleem van die vissers in 'n see wat afgesluit word. „Regen” en „Branding,” waaraan ook Jef Last meegewerk het, is mooi voorbeelde van „absolute-film.” Ook in „Visie” van Loet Barnstijn is die water nou en dan teensteller van die mens of van die tegniek. Volledigheidshalve noem ons „Op hoop van zegen” en „De Jantjes,” prente wat verfilmde toneel is, met die see as 'n wankel dekor.

So kom ons dan tot die kuns wat vanouds as die mees nasionaal-Nederlandse geld en waarin die volkskarakter die beste tot uitdrukking kom: die skilderkuns.<sup>43)</sup> Ons het hierbo al gesien, dat die seemans- of skippersbloed in amper elke familie gevind word. Die seemansoog wat veral by die Middeleeuse skeepvaart sonder instrumente 'n besonder goed oefening gekry het, is 'n skerp waarnemer wat boep, ook die fynste verskilletjies in dampkring en bewolking leer waarneem. Daardie fyn gevoel vir atmosfeer word nog meer ontwikkel in die land self deur die waarneming van die ewig wisselende lugskakeringe, die veranderlikheid van beligting deur afwisseling van helder lugte en newels, son en wolke.

So word die seemansoog tot skildersoog, in die besonder ontvanklik vir atmosfeer- en ligwerking. Daarby kom nou nog 'n besonder sterk ontwikkelde gevoel vir kleurwerking, vir koloriet in 'n skildery. Prof. Huizinga betoog in verskillende van sy geskifte dat die Nederlander besonder min vormgevoel het. Ons vind by Edmondo de Amicis<sup>44)</sup> 'n merkwaardige verklaring. Hy sê: die land het so min „treffende uitsigte” deurdat hy so vlak is, die eindelose water- en poldervlaktes bied nie „hoofvoorwerpe” in die landskap wat die aandag trek nie.

Bowedien verswak die meesal onsekere beligting, die newels en die bewolking nog die vorm van die paar dinge in die landskap wat nog vorm het; alles by mekaar is nie die vorm, maar die kleur die vernaamste attribuut van die dinge in die landskap. Ons kan daaraan nog toevoeg dat dit sielkundig verklaarbaar is, dat 'n volk watwoon in 'n eentonig vlak, min kleurig landskap, 'n neiging kry om die „vrolike noot” daarin aan te bring deur 'n beskildering met lewendige kleure van huise, skepe, hekke; deur kleurryke baksteenbou

---

43) Vgl. L. Simons: „Volkswezen en Volkskracht.” p.48.

44) E. de Amicis, l.c. p.60 vlg.

wat in die boukuns die pikturale kleureffek amper ewe belangryk maak as die vormgewing, deur kleurige volksdragte en—sal die uitlandse toeris natuurlik sê—deur sy bollevelde!

As grondslae vir die skilderkuns het die waterland dus die volgende faktore begunstig: visuele aanleg, gevoel vir koloriet, vir kleur, meer dan vir vorm. Hierby kan ons nog voeg die sin vir realisme en die gering ontwikkelde fantasie, wat groot invloed sal hê op die keus van onderwerpe. Altwee eienskappe hang weer ten nouste saam met die vlak polderland, wat niks oorlaat om te „raai” nie, en die verbeterheid van die stryd teen die water wat nie dromers kweek nie maar realiste. Gevoel vir intimiteit tenslotte, wat sig selfs uiter in die uitbeelding van ’n landskap, maar sy hoogtepunt vind in die skilders van die „Hollandse binnehuisje” is ook weer verklaarbaar uit die klimaat: die vogtige atmosfeer, reent, storm, gure seewinde maak die verblyf buitenshuis gedurende ’n groot deel van die jaar nie aantreklik nie en versterk die gevoelswaarde van die „huislike haard.”

Na hierdie opsomming sal dit ons nie verwonder nie dat die kultuur van die waterland ’n sterk pikturale karakter dra. In hoever het nou die element wat die aard van die skilderkuns beïnvloed ook sy inhoud bepaal? In teenstelling tot die letterkunde kan ons hier volmondig bevestigend op antwoord:

Reeds in die getydeboek van die hertog van Berry, wat later voltooi is vir die Hollandse graaf Willem VI, die s.g.n. „Très belles Heures,” vind ons ’n blad wat met rede toegeskryf word aan die gebroeders Van Eyck, die stamvaders van die Nederlandse skilderkuns kort na 1400: die begroeting van die graaf, wat met sy vloot op die strand teruggekeer, ontmoet word deur sy dogter, ’n blad wat uitmunt deur die pragtige atmosferiese werking van die see en die strand in ’n newelige verskiet. Hier is ruimte en wydheid en frisheid van die sout lug by die see.

Die eise wat Kerk en geloof stel het lank die natuurlike ontwikkeling van die landskapskilderkuns belet, maar in die dae van die Hervorming maak elke skilder, ook die Roomse, hom los van daardie bande. Die grootmeester van die 16e eeu: Pieter Bruegel gee die voorbeeld. Die „Hawe van Napels” met sterk Italiaanse motiewe is een van ons oudste seestukke.

Die „Val van Icarus” het al ’n pragtige see en selfs—waarskynlik terwille van die ligeffek—’n uiteraard onmoontlike: ondergaande son! Talryke van sy emblematiese tekeninge soos „De grote vissen verslinden de kleine” bewys, hoe ook vir hom die maritieme geaardheid sterk is en g’n beter bewys dan die dertien gravures van Frans Huys na verlore skilderye van Bruegel, voorstellende seeskepe en seetafrele. Die beroemde seegesig uit sy laaste jare met die somber dreigende, heftige bewoë swerk, die angswekkende golwe en die skip in nood is egter te Barok van geaardheid om representatief-Nederlands te wees.<sup>45)</sup>

In die 17e eeu, met die groot opbloeï van seehandel en vragvaart, die eeu ook van die groot maritieme stryd met Spanje, Frankryk en Engeland, is die aantal seeskilders legio en tog het hulle nooit die hoogte bereik van die rivierskilders nie. Want nooit het hulle die see om die see geskilder, nooit ’n sonsondergang op stil water nie, daarvoor moet ons wag tot die impressioniste van die Haagse Skool omtrent 1870.<sup>46)</sup>

Die 17e eeuer sien nou eenmaal die see as die toneel van die menselike bedryf, as die bron van welvaart en verkeer: die see is op die skildery om die skepe wat sy dra. Al in die begin van die „Tachtig-jarige oorlog” skilder Hendrik Vroom die oorwinning van die Geuse-vloot op die Spanjaarde op die Haarlemmermeer. Hy word die eerste skilder van historiese seestukke: die oorwinning op die Spaanse Armada, die terugkeer van die skip van Cornelis de Houtman uit Indië in 1597 en ander stukke, wat gretig gekoop is, nie alleen deur aandeelhouders van die Oos-Indiese Kompanjie en ander groot kooplui, maar ook met kennelike voorliefde deur die overheid vir die voorsiening van openbare geboue.<sup>47)</sup> In die lyn van Vroom werk Van Wieringen, S. de Vlieger, W. v. d. Velde Sr. en sy gelyknamige seun, Ludolf Backhuysen, Van de Cappelle en ’n reeks van minder gode.

Skilders vaar mee in die felste seeslae teen die Engelse in opdrag van die Admiraliteit „teneinde occasie te hebben

---

45) Vgl. vir Bruegel: „De Schilderijen van P. Bruegel den Ouden” van G. Glück. p.1, 7 en 42.

46) vgl. Dr. W. Martin: „De Hollandsche Schilderkunst in de 17e eeuw.” II. p.369.

47) Dr. W. Martin: l.c.I. p.47-50.

van te konnen teekenen ofte schilderen hetgeen remarquable tusschen de weedersydse vlooten sal komen te passeeren." 48) Hul volg selfs ekspedisies Indië toe en hulle is net so stoer en onverskrokke trekkers as 'n Houtman of 'n Tasman. Van de Velde Sr. kry selfs van De Ruyter 'n klein skip ter beskikking om die „Vierdaagse Zeeslag" by te woon, maar moet later deur die admiraal gewaarsku word om nie so midden tussen die vegtende skepe rond te vaar nie! Die resultaat hang vandag in die „Rijksmuseum." Dit was uiters swaar om 'n seeslag tegnies suiwer, takties korrek en tog pikturaal af te beeld. Van de Velde Jr. is hierin die groot meester; hy is 'n uitnemend kenner van wind en weer, golfslag en bewolking, en het sterk pikturale neigings wat modern aandoen en wat die Vlaming Jan Porcellis as eerste in die seestuk ingevoer het. Jan van de Capelle beproef selfs Rembrandtieke effekte met sy grootse ligeffekte, gulde sonneglans teen ligte bruine. In stukke soos „Admiraalzeilen" in die „Rijksmuseum" toon hy sig 'n voorloper van Turner, Daubigny en Ziem volgens Martin.49).

Arent Arentsz, 'n vroeë 17e eeuer, is 'n oorgang van die see na die met liefde geskilderde polderlandskap met „molens, schepen, dijken, vaarten, slooten, met de visschers, eendenjagers, schaatsenrijders en sleden." 50) En dan staan ons plotseling voor die wonder van die Hollandse waterland by Van Goyen en Ruysdael en 'n enkel enkele maal: by Rembrandt. Die laë horison; party keer slegs op een vyfde van die totaal hoogte wys al op die neiging om meer atmosfeer, wydsheid en ligeffek te bring as uitbeelding van die aardse woon- en werkplek van die mens. 'n Donker skuit op die voorgrond is 'n „repoussoir" om die verskiet in ligte tinte nog meer te laat wyk, niks meer nie. So geniet ons by hulle die glorie van die Hollandse riviere, romanties by Ruysdael, oop en wyd by Van Goyen, somber en dreigend dikwels. ekspressionisties amper, by Rembrandt.

Daarop was geen styging moontlik nie en dis al 'n groot verdienste dat Schouman, N. Bauer, Van Deventer, Schotel en Louis Meyer die tradisie vasgehou het, dwars deur die

---

48) Dr. W. Martin: l.c. II p.372.

49) Dr. W. Martin: l.c. p.386, II.

50) Dr. W. Martin l.c.I. p.243.



Romantiek, tot die Haagse Skool, wat in strewe en werkwysse saamval met die Tagtigers van die letterkunde.<sup>51)</sup>

Met die Haagse Skool kom die impressionistiese visie van die Hollander op sy eie waterland: by Jozef Israëls nog nie ontworstel aan die Romantiek nie. by Mesdag puur, om die spel van die lig op die Hollandse kuste. By Jacob Maris die hawestede en riviere monumentaal van konsepsie en groots in sy somber koloriet, heel anders as sy broer Willem, wat geniet van die gutse lig op die water in die slote, op eende en bees-terugge en gras in die polders. Reekse van volgers gee algar een weelde van teruggevonde skoonheid van eie land. Van die waterskilders noem ons net Weissenbruch, Gabriël, Jongkind, Voerman. Teen die eind van die 19e eeu kom 'n meer lineêre, vormgewende rigting op in die skilderkuns, wat onwillekeurig sy onderwerpe nie soseer op die water soek nie; die ekspressioniste gaan door in dieselfde lyn en so is in die laaste jare die uitbeelding van die waterland vernaamlik in hande van 'n reeks uiters begaafde grafiese kunstenaars.

Om my oorsig nie te lank te maak nie wil ek 'n paar ander kultuurgebiede waar die water sy invloed laat geld het, net aandui. Dis van 'n algemene bekendheid dat Nederland 'n groot rol gespeel het in die vorming van die internasionale reg. Die ligging van Nederland op die kruispunt van die internasionale waterweë van Europa het vanouds die uitlandse koopliede by duisende soontoe gebring. Om al daardie koopliede regsekerheid te verskaf moes die Nederlandse howe op elkeen van hulle sy eie reg toepas as hy in Holland in 'n saak gewikkel word. Die Howe moes dus al die regstelsels beurt om beurt toepas en konflikte daartussen oplos. Die gevolg was die vergelykende studie van privaatreg en so het Nederland 'n begin gemaak met die stelsel van internasionale privaatreg.

Van die publiekreg weet ons algar, dat die Nederlander Grotius geld as die vader van die Volkebondsgedagte. Maar minder bekend is dit, dat sy boek oor die vrye see: „Mare liberum” eintlik 'n stuk van 'n uitgebreider werk oor die buitreg: „De jure praedae” is, wat weer die resultaat is van sy verdediging van die Oos-Indiese Kompanjie in 'n hofszaak

---

51) Vgl. Mej. G. H. Marius: „De Hollandsche Schilderkunst in de 19e eeuw,” p. 69-76.

omdat hulle 'n Portugese kraak buitgemaak het.<sup>52)</sup> Ons sien dus die reeks: seevaart, seeroof, verdediging van jou maritieme posiesie, verdediging van die vrye see, volkereg.<sup>53)</sup>

Neem ons nou sy hoofwerk: „De jure belli ac pacis,” dan is dit weer treffend hoe dit die belange dek van 'n klein maritieme staatjie, met ontsaglike besittings oorsee verbonde deur uiters kwetsbare verbindingslyne. Alleen die Volkereg kan uitredding bring waar geweld van wapens dit nie kan verdedig nie. In 'n seker sin is die strewe na volkereg dus 'n hulpmiddel vir die enigste vir Nederland moontlike vorm van imperialisme in die 17e eeu: 'n kommersiële-maritiem-koloniale vorm, maar waar Nederland vandag sy posisie as tweede koloniale moontheid met 'n oorseebevolking van 70 miljoen aan te danke het. Die waterweë het gelei tot transitoverkeer, nie alleen op materiële, maar ook op geestelike gebied. Dit bring Nederland tot sy natuurlike taak van neutrale bemiddelaar tussen die Europese volke, wat in die Wêreldoorlog gelei het tot 'n posisie van „ruspunt in die woelige bare”— „Saevis tranquillus in undis,” soos die spreuk van Willem die Swyger al gelui het, met as enigste doel: versagting van die oorlogsleed, waar moontlik.

Verskillende male het ons al melding gemaak van die eienaardige vorm van die Nederlandse handel: meer vraagvaart en doorvoerkeer as eie handel. Hakluyt in sy „Voyages” het dit al gesê:

For the little land of Flanders is

But a staple to other lands Ywis. . . . .”<sup>54)</sup>

En wat is vandag die gevolg van die gemaklike verbinding te water? Josephus Jitta wys daarop dat die wêreldberoemde bloembolle—uit die Levant geïmporteer is, die beroemde Amsterdamse diamante uit Suid-Afrika en Suid-Amerika kom, dat Nederland 95% van die wêreld se kinine in Indië produseer, maar dat die eerste kinineplant deur 'n Nederlandse oorlogskip uit Suid-Amerika gehaal is, net soos

---

52) Vgl. Dr. J. Huizinga: „Tien Studiën” p.99: „Twee herdenkingsredes over Hugo de Groot.”

53) Vgl. Dr. R. Fruin: „Verspreide Geschriften” II p.367. „Een onuitgegeven werk van Hugo de Groot.”

54) Hakluyt: „The principal voyages of the English Nation” (Every Man Edition), Vol. I. p.181 seq.

die rubber- en koffieplante van buite kom. Nederland produseer nie petrol nie, maar beheers die kapitaal van die Royal Shell en die grappie sê, dat die enigste Nederlandse grondstowwe in die bekende Philips' elektriese lampe, die lugledig binnekant is, benewens die energie van die stigters van die bedryf.<sup>55)</sup>

Hierdie rol van ekonomiese bemiddelaar van 'n waterland, wat party keer baie seënryke gevolge kan hê, soos in die geval van die kinine vir die malariabestryding, verdien oordenking in 'n tyd van roekeloos opbou van Chinese mure in die internasionale handelsverkeer. Onwillekeurig dink ons hier ook aan die leidende rol, wat Nederland speel by die pogings van die sogenaamde „Oslo-State,” om belemmerings van die internasionale handel weg te ruim.

Net terloops wil ons vermeld, dat die water ook die hele verdedigingsstelsel van Nederland bepaal en oorsaak is van die absoluut defensiewe karakter van die tog al swak ontwikkelde Nederlandse militarisme.<sup>56)</sup> Militêre deskundiges glo egter dat die inundasie van die „Waterlinie” vandag teen 'n uitlandse oorrompeling nog net so effektief sal wees as in 1672. Die hele geesteshouding van Nederland in militêre sake lê opgesluit in die woorde van 'n Nederlands staatsman tydens die Wêreldoorlog: „Gardons notre poudre sèche et notre pays humide,”: „Laat ons ons kruit droog hou en ons land nat”<sup>57)</sup>. Maar laat ons nie vergeet nie, wat by die ontset van Leiden in 1574 deur die bouland onder die seewater te steek, al gesê is: „Liever bedorven dan verloren land,”<sup>58)</sup> wat Motley laat uitroep: „An enemy whom the ocean obeyed with such docility might well be deemed invincible by man.”<sup>59)</sup>

Aan die slot van my beskouings wil ek wys op twee karaktertrekke van die Nederlander as waterlander, wat dit baie swaar maak om in 'n oorsig soos hierdie tot die kern van die volkskarakter deur te dring. Die eerste is die spreekwoorde-lyke nugterheid van die Nederlander, of laat ons dit met Antonie

---

55) Mr. A. C. Josephus Jitta, l.c. p.15.

56) Mr. J. A. van Hamel: „Nederland tusschen de Mogendheden.”—Inleiding.

57) H. Asselin: „La Hollande dans le monde,” nouv. ed. p.32.

58) Jan Fruytiers: „Corte Beschryvinghe van Delft”. 1577 p.16.

59) J. L. Motley: „Rise of the Dutch Republic” II. p.468.

Donker „gevoelsbeschromdheid” noem: die neiging om sy gevoelens- en veral die uiting daarvan te beheers; wat dit baie swaar maak om hom te deurgrond. Donker skryf dit toe aan die Calvinisme, maar m.i. speel hier die natuurlike geslotenheid en swygsaamheid van seeman en skipper ’n veel groter rol.<sup>60)</sup>

Die ander is, dat die Nederlander, meer as enig ander nasie, het „les défauts de ses qualités: „die keersy van sy goeie eienskappe.” „Dikwyls wendt een mensch en een volk bepaalde eigenschappen voor, juist om te verbergen, dat hij eigenlijk met de antipode van zulke eigenschappen behept is” sê Josephus Jitta: <sup>61)</sup> dis wat Paulhan noem „les mensonges du caractère,” die leuens van die karakter. So is deugde en ondeugde by die Nederlander keersyde van dieselfde medalje: vry van bande en bandeloos; internasionalisties en kosmopoliet; moedig en moedswillig; bedaard en flegmaties.

Die enigste poging tot verklaring van hierdie vermenging is by my wete deur Antonie Donker <sup>62)</sup> gedoen, deur daarop te wys „dat dit land weinig zon heeft maar een wijden horizon.”

**Meneer die Rektor,**

Ek lewer hier na sewe jare diens as professor nie ’n intree- maar ’n oortreerede; omdat ek nou in direkte diens van die Universiteit en van my nuwe Vaderland, Suid-Afrika, oorgaan.

Ek ag my dus ontslae van die plig om ’n uiteensetting te gee van die weë, waarlangs ek sal trag om my akademiese taak te vervul. Die werk van sewe jare staan daar om die rigting en die gemaakte foute vir u en vir my te wys.

Maar wat my groteliks verheug en ’n bewys lyk van die goeie gees aan ons Universiteit, is dat daar vandag 66 studente bereid is, om uit motiewe van wetenskap, van idealisme, van volkstradisie of van puur belangstelling, kursusse in Nederlandse Kultuurhistorie te volg, ’n vak waarmee hulle in die samelewing nog nie vir ’n pennie droog brood kan verdien nie.

---

<sup>60)</sup> A. Donker: l.c. p.718.

<sup>61)</sup> Mr. A. C. Josephus Jitta. l.c. p.20.

<sup>62)</sup> A. Donker, l.c. p.717.

Ek is die „Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging” te Amsterdam en die ander instellinge en persone, wat daartoe saamgewerk het, dankbaar vir die vertrouwe wat hulle in my gestel het, deur my in 1930 na Pretoria uit te stuur en die koste van die onderwys in Nederlandse Kultuurhistorie vir vyf jare geheel self—en daarna vir twee jare saam met die Universiteit—te dra.

Ek is Raad en Senaat van die Universiteit van Pretoria dankbaar vir die eer wat hulle my aandoen om my hierdie leeropdrag te gee en die koste daaraan verbonde nou self te dra. Die Nederlandse kultuur is die agtergrond vir die geskiedenis van die Afrikaanse; dis—soos Prof. Besselaar ’n paar jaar gelede op hierdie selfde plek gesê het—’n erfenis wat aan die Afrikaner aangebied word.

Ek is dankbaar dat u die erfenis wil aanvaar en dat u die koste wil dra van die voorreg van boedelbeskrywing. Om hierdie boedelbeskrywing uit te voer: dit sal my taak wees.

---

Gedruk deur  
TRANSSVAALSE PERS, BPK.,  
Kerkstraat, 142.  
PRETORIA.





